Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 31: *Emor* (אמר) – Spreek, Praat, Sê.

יהוה het vir Moshe gesê: Praat met die priesters, die seuns van Aharon en sê vir hulle. Lev. 21:1 en 2 – PWL[1].

Torah: Lev. 21:1 tot 24:23.

- Wees Afgesonder!
- Levitikus 21 – Verdere Onderrig En Instruksies Aan Die Priesters.
- Lev. 22:1 tot 30 – In Die Gemanifisteerde Teenwoordigheid Van YHVH.
- Levitikus 22:2 en 31 tot 33 – Waarskuwing Om Nie YHVH Se Naam Te Ontheilig Nie!
- Levitikus 23: Die Feestye Van YHVH
- Levitikus 24:1 tot 9 – Onderrig Aangaande Die Olie Vir Die Menora En Die Toonbrode.
- Lev. 24:22 – Een Torah Vir Almal

Haftorah: Eseg. 44:15-31. Die Kinders Van Sadok

Hernieude Verbond: Rom. 12:1–2; 1 Pet. 2:9; Heb 12:14; 1 Pet. 1:13–17; Hebr. 7:26; Kol. 2:16–17; Matt. 5:16; Efes. 5:8; Joh. 1:4,9; 8:12; 2 Kor 4:6; Matth. 5:38–42; Jak. 2:1–9; 1 Pet. 1:17.

When the church and the world can jog comfortably along together, you can be sure something is wrong. The world has not compromised – its spirit is exactly the same as it ever was. If Christians were equally as faithful to the Lord, separated from the world, and living so that their lives were a reproof to all ungodliness, the world would hate them as much as it ever did. It is the church that has compromised, not the world – Catherine Booth

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

I bet you there will be people in hell saying, 'I thought there was no condemnation for those in Christ Jesus.' – G.A. Jarquin.

In order to understand the truth, you have to expose those things that are not true. What's left is then the facts – Joseph Dumond

Midrash (Torah Bespreking)
Wees Afgesonder!

In die vorige parashah (*K'doshim*) is die betekenis van afgesonder (heilig) bespreek. 'n Baie kort, maar duidelike definisie van heilig vind ons in die woorde van Rabbi Label Lam:

Holiness is the art and science of living respectfully within the God given boundaries of life.

Torah is 'n uiteensetting en verduideliking van YHVH se grense waarbinne ons moet leef. Binne hierdie grense is daar 'n groot mate van vryheid. Die grense baken die gebied af waar binne ons rein en afgesonder (heilig) kan leef. Hierdie grense is egter **nie** onderhandelbaar nie! YHVH is die Wetgewer wat die grense vasgestel het en Sy grense is nie onderhandelbaar nie!!

Hierdie vasgestelde grense is terwille van ons en ons verhouding met Vader-God, asook met ons medemens. 'n Lewe binne hierdie grense is 'n lewe propvol shalom, naamlik vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid van gees, siel en liggaam.

Vir die wêreld is die Torah-gegewe grense dwaasheid en met menslike wysheid wil die mensdom YHVH se grense verskuif, maar hierdie wêreldgesinde wysheid is dwaasheid by God.

Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word; want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang. 1 Kor. 3:18 en 19.

YHVH se vasgestelde grense waarbinne Sy koninklike priesterdom moet lewe is Vader-God se wysheid!

Die wet van יהוה is volmaak: dit verfris die lewe; die getuienis van יהוה, wat die eenvoudiges wys maak, is vertrouenswaardig. Die opdragte van יהוה is reg, hulle verbly die verstand, wil en emosie; die bevele van יהוה is suiwer: dit verlig die oë. Die respekvolle vrees van יהוה is rein: dit hou aan vir ewig; die oordele van יהוה is waarheid: hulle is volkome regverdig. Hulle is begeerliker as goud, ja, as kosbare stene en soeter as heuning uit die korf. Meer nog, U dienskneg word daardeur gewaarsku en as hy dit hou sal hy baie beloon word. Ps. 19:7 tot 11 – PWL.

Levitikus 21 –Verdere Onderrig En Instruksies Aan Die Priesters.

Die wyding van die priesters (Levitkus 8) en hulle onderrig en instruksies aangaande dienswerk in die tabernakel (Levitikus 9, 10 en 17) is 'n baie belangrike aspek van Levitikus (*Vaiykra*). Daarom staan Levitikus ook bekend as *Tohrat Kohanim,* naamlik die Torahonderrig en -instruksies vir die priesters om te kan onderskei tussen rein (*tahor*) en onrein (*tamei*) en tussen afgesonder (heilig, *kadosh*) en nie afgesonder (onheilig, *chol*) sodat hulle as rein en afgesonder in YHVH se Teenwoordigheid diens kan doen.

Levitikus 21 bevat verdere onderrig en instruksies oor die reinheid en heiligheid van die priesters. Uit hierdie gedeelte blyk dit dan ook dat YHVH 'n hoër standaard van geregtigheid, gehoorsaamheid en heiligheid stel vir die priesters as vir die res van die volk. Hierdie hoër standaard was veral ten opsigte van die hoëpriester (Lev. 21:10 tot 15). Die priesterdom was gekies as leiers van Israel en hulle het as

te ware nader aan YHVH geleef as die res van Israel. In hierdie opsig was hulle bevoorreg, maar dit het ook ‘n groter verantwoordelikheid behels!

Die priesters was volgens geboorte, uit die nageslag van Aäron, as priesters aangestel. Net so word ons deur wedergeboorte in die amp van priester aangestel. As priester is ons onder die hernieude verbond ook gekies (geroep) tot die amp van ‘leier’ (*teacher;* leermeester, onderwyser; opsienersamp). Hoe hoër op in ‘leierskap’ (geestelike groei) beweeg word, en hoe beter die Vaderhart deur openbaring bekend word, hoe groter is die vereiste vir diensbaarheid, toewyding, selfkruisiging, heiligheid (*kadosh*) en reinheid (*tahor*). Vergelyk 1 Tim. 3:1 tot 13 en Titus 1:5 tot 9 ten opsigte van die opsienersamp (ouderling en diaken) en hoe dit ooreenstem met die priesteramp van die ou verbond.

Ten opsigte van die priesteramp is die volgende belangruk:

- Die priesters het die opdrag om ander te leer (opsienersamp) en moet self dit leef wat hulle ander leer (Lev. 10:10 en 11; Eseg. 44:23 en 24; 1 Tim. 4:12).

- YHVH vereis ‘n innerlike verandering wat uiterlik sigbaar word. Ons gedagtes, woorde en dade moet ooreenstem met die van YHVH. Yeshua het die geestelike leiers juis gekritiseer vir hulle valsheid (Matt. 23:1 tot 39; Luk. 11:37 tot 54).

- Ons geregtigheid moet meer (oorvloediger) wees as die van die skrifgeleerdes en die Fariseërs (Matt. 5:20). Hoekom het Yeshua dit gesê? Is die antwoord nie dalk vers 19 nie?

- ‘n Groot gevaar is die gevaar van eie geregtigheid (Rom.10:1 tot 3). Daarom is die opdrag: Soek allereers YHVH se geregtigheid (Matt. 6:33)!!

Opsommend is Vader-God se vereiste: *If any are in My house, I will have them clean (kadosh, tahor), because they are there*. As kind en priester is elkeen self verantwoordelik om ‘n rein (*tahor*) en afgesonderde (heilig, *kadosh*) status te handhaaf. Torah en die Afgesonderde Gees is daar om ons te help om hierdie status te verkry en te handhaaf. Ons moet as priesters die verantwoordelikheid aanvaar om met die hulp van die Afgesonderde Gees bevry te word van ons sondige verlede en enige bindinge wat daarmee gepaard gaan. Vir die doel moet ons die onderrig en instruksies soos in Torah opgeteken is ken en doen (*sh’ma* en *sh’mar*)

Bepeins of Bespreek:

1. Wat is YHVH se geregtigheid? Verwys 2 Kor. 5:21. Hoe seker is jy daarvan dat jy die geregtigheid van God in Yeshua is? Vergelyk Abraham (Gen. 15:6 en Hebr. 11:4) – vertroue (geloof) in die belofte van versoening (Messias) en bewys (werke) van daardie vertroue deur gehoorsaamheid is YHVH se geregtigheid. YHVH se geregtigheid is om *kadosh* en *tahor* te wees.

2. Met verwysing na 1 Tim. 3:1 tot 13 en Titus 1:5 tot 9 is die vraag: Is dit nog die standaard wat vandag in die kerk toegepas word of is dit ‘n afgewaterde weergawe wat as skietlood gebruik word?

3. Glo jy dat jy as priester gekies is as ‘n ‘leier’ (leermeester; opsiener). Is jy bereid om die prys te betaal vir die verantwoordelikheid (aanspreeklikheid) wat dit behels? Verwys 2 Tim. 2:15. Is jy geroep om te dien of gedien te word? Is jy bereid om diens te doen as wagter op die muur (Jes. 21:11 en 12; Eseg. 3:16 tot 27, veral 17 tot 19)?

4. Volgens Ex. 19:5 en 6 was YHVH se doel dat die hele Israel ‘n koninkryk van priesters en ‘n afgesonderde volk moet wees. Hoekom het YHVH dan later ‘n priesterdom uit die volk gekies? Is daar in die hernieude verbond ook hierdie onderskeid van priesters en ‘gewone bevolking’? Is ons almal priesters? Wat is die ‘kwalifikasie’ (vereiste) om priester te word?

5. Is daar ‘n ooreenkoms tussen die priesters van die ou verbond en die vyfvoud-bediening van die hernieude verbond?

Lev. 22:1 tot 30 – In die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH.

Soos ons reeds geleer het, maak YHVH duidelike onderskeid tussen *tahor* (rein) en *tamei* (onrein) en tussen *chol* (onheilig) en *kadosh* (heilig). Hierdie is bevestiging dat YHVH ‘n bepaalde standaard en protokol daar stel om in Sy Teenwoordigheid (Shekinag) te kan kom. Hoekom? Dit is om die mens te leer dat hoewel YHVH op ‘n verhewe vlak van *Kadosh* en *Tahor* is, kan die sondige mens wat met hartsbegeerte gehoor gee aan al YHVH se onderrig en instruksies wel in Sy teenwoordigheid kom. Ons kan nie bekostig om te vergeet dat YHVH in die hemel is en ons op die aarde nie (Pred. 5:1 en 2; Matt. 6:5 tot 7), maar Hy het ‘n weg vir ons voorberei om in Sy Teenwoordigheid te kom. Geloof in Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah is daardie weg!

In hierdie parashah leer ons die volgende:

- Indien die persoon (offeraar) of die offergawe onrein is, sal YHVH dit nie aanvaar nie! ‘n Persoon wat onrein is of wat ‘n offer wat onrein is bring, mag nie van die heilige gawes (diere-offers en toonbrode) eet nie (Lev. 22:1 tot 16). So ‘n persoon moet uit YHVH se teenwoordigheid verwyder word sodat hy nie meer dienswerk kan verrig nie (vers 3).

- Om in die teenwoordigheid van YHVH te kan kom, is dit elkeen se taak as priester om seker te maak dat daar niks is wat ons onrein maak nie en om seker te maak dat die offerande wat ek bring nie onrein is nie.

Bepeins of Bespreek

1. Is dit wat jy en ek aan YHVH offer afgesonder (*kadosh*) en rein (*tahor*)? Is jy en ek as kind en priester ‘n lewende (bevattende die ware lewe wat YHVH vereer), afgesonderde en welgevallige (aanvaarbare en genotvolle) offer (Rom. 12:1). Is ons tyd, ons vermoëns (talente), ons toewyding, ons lofprysings, ens. wat ons as offerande bring rein en heilig, of is dit dalk besoedel met ons eie vleeslike begeertes en dinge wat *tamei* en *chol* (van die wêreld) is?

2. Ons moet ons beste aan YHVH gee terwyl ons kan!! Lees Prediker 11 en 12. Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: *Vrees YHVH en hou Sy gebooie, want dit geld vir alle mense* (Pred. 12:13)

3. Wat is die betekenis van die ‘heilige offergawes’ onder die hernieude verbond? Wat beteken dit dat die onreine **mag nie** van die ‘heilige gawes’ eet nie. Verwys dit na:

   - Die gawes van die Afgesonderde Gees? Sal die gawes van die Afgesonderde Gees deur ‘n onrein persoon manifisteer? Sal die onreine van hierdie gawes mag ‘eet’ (deel daaraan hê)? Is die onreine nie besig om te eet van onrein en vervalste gawes nie? Verwys 2 Kor. 11:4 en 14 – Satan kan manifisteer as ‘n engel van die lig!

   - Om te eet van die boom van kennis van goed en kwaad. Verwys Joh. 6:35 en 53 tot 56; Hos. 4:6; Jes. 5:13. Beteken dit dat diegene wat onrein is, word nie werklik gevoed met ‘hemelse manna’ (Boom van die Lewe) nie?

   Hiermee saam is die vraag: Is dit moontlik om van YHVH se teenwoordigheid afgesny te wees sonder om dit te besef? Kan ek ‘n atmosfeer skep waar ek voel YHVH is teenwoordig?

4. Kan ‘n emosionele ervaring as bewys van die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH beskou word? Is daar nie ‘n fyn balans tussen eie sielsemosie en Geesgemanifisteerde emosie nie? Anders gestel: Moet ‘n emosionele ervaring noodwendig deel wees van die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH? Ons moet onthou dat ons hart (sielsrealm) bedrieglik kan wees

(Jer. 17:9 – *Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?*). Dan moet ons ook onthou dat YHVH ons verstand (*common sense*) gegee het en ons moet dit dalk meer dikwels gebruik om te onderskei. Verwys Spr. 3:21 – *My seun, laat dit nie uit jou oë wyk nie,* ***bewaar beleid en oorleg***.

My child, use common sense and sound judgment! Always keep them in mind. (CEV)

My son, do not let wisdom leave your sight. Carefully observe sound judgment and discernment, (ISV)

Ons emosionele ervaring moet ons aan Torah meet, naamlik: Is ons emosionele ervaring met die onderrig en instruksies van YHVH versoenbaar? As hulp het YHVH ons ook die gawe van onderskeiding van geeste gegee (1 Kor. 11:10). Om korrek te onderskei is ‘n kombinasie van Torah, die Afgesonderde Gees en gesonde verstand.

Dit is wel so dat die Vader-God soms dinge doen wat ons nie met ons logika kan uitredeneer of verstaan nie, maar Hy het ons ook 'n gesonde verstand gegee om te gebruik. Die gevaar kom dat ons soms ons geloof wil koppel aan ons emosies. Ons wil 'voel' die Vader is teenwoordig en as ons Hom nie 'voel' nie, dan is Hy ver van ons. Emosies alleen kan nie vir ons help om te bepaal wat die waarheid is nie, want dit wat die waarheid is, 'voel' nie noodwendig reg of lekker nie.

Alleenlik YHVH bepaal op welke wyse Hy sal manifisteer. Geen mens kan dit besluit of laat gebeur nie!! Die Christendom onderskat die gevaar van suggestie!!

In die verband skryf Andrew Strom die volgende:

I believe that God has placed within every human being at least a measure of an inner "warning system" to protect us from being easily deceived - just as He has given us all a conscience. It is something that He has built into every one of us, in His mercy. (I guess a lot of it is simply `common sense´). However, Christians should have an even greater advantage in this area, because we have the "inner witness" of the Holy Spirit, and the `still small voice´ of the Lord speaking to us every day.

But what I have found again and again with people who give themselves over to some form of deception is that they often "override" these alarm bells. They go against their 'better judgement'. They ignore the little voice deep inside them that is telling them that there is something wrong. Christians do this all the time. That is how they get themselves involved in such foolish deceptions.

Levitikus 22:2 en 31 tot 33 – Waarskuwing Om Nie YHVH Se Naam Te Ontheilig Nie!

Ons moet versigtig wees met die afgesonderde (heilige) gawes sodat ons nie YHVH se Afgesonderde Naam ontheilig nie. Onthou: Volgens Hebreeuse denke is ‘n naam nie net om ‘n persoon te kan identifiseer nie, maar bevat inligting aangaande die persoon. Inligting soos die persoon se herkoms, aansien, roem en vermoë was vervat in ‘n naam. Daarom praat ons steeds vandag van ‘n persoon se *goeie naam* wat nie beswadder mag word nie.

‘n Voorbeeld van die betekenis van ‘n naam vind ons in Eks. 3:13 tot 22. Moses wou by die Almagtige weet wat Sy Naam is. Hy wou nie weet wat om die Almagtige te noem nie, maar wou weet wie YHVH is, waar kom Hy vandaan en wat het Hy gedoen. Die Almagtige se reaksie bevestig dit wat Moses wou weet toe God hom antwoord met: *Ek is wat Ek is* (vers 14) en dat Hy die God van Abraham, Isak en Jakob is (vers 15). Hy openbaar Homself ook as die Een wat hoor en wat omgee (vers 16), asook die Een wat almagtig is en goeie gawes gee (vers 17). Die Naam van die Almagtige is dus ‘n openbaring van Sy hoedanighede (karakter), Sy outoriteit, Sy verbintenis, Sy lojaliteit (getrouheid) en Sy vermoë.

Volgens hierdie beskouing ten opsigte van die Naam van die Allerhoogste kan die mens deur bepaalde handeling die Naam oneer aandoen, naamlik laster (*chillul Ha-Shem*). Die lastering verwys nie na lastering van die woord (naam) as sulks nie, maar na die lastering van die hoedanighede, aansien, roem, vermoë, outoriteit, getrouheid en verbintenis van die Almagtige deur dit te minag of te ontken of 'af te water'. Die mens se optrede kan egter ook hierdie naam heilig (*kiddush Ha-Shem*) wanneer die hoedanighede, aansien, roem, vermoë, getrouheid en outoriteit van die Almagtige vereer word deur gehoorsaamheid aan Torah.

Aangesien die Almagtige se Naam Sy hoedanighede en vermoë verteenwoordig, moet hierdie Naam met dieselfde respek (heilige ontsag) as die Almagtige self behandel word.

Verwys Lev. 24:10 tot 16 en 23. *Laster* beteken ook om te *deurboor* – hy het as te ware die Naam 'verwond'! *Vloek* is om te *verag* en *te verfoei*.

Bepeins/Bespreek

1. Om in die kring van die spotters te sit (Ps. 1:1) is om die karakter en outoriteit van YHVH te laster en te vloek. Is verwerping van Torah nie ook om saam met die spotters te sit nie?

2. Wil jy graag jou naam in die boek van die lewe geskryf hê? Kan enige naam gebruik word of slegs die naam wat eie aan jou is? Is dit nie daarom belangrik om die Naam van Vader-God te ken nie? Lees Spr. 30:4.

3. Volgens Mal 3:16 is daar 'n gedenkboek waarin die name geskryf word van die wat YHVH vrees en Sy Naam eer. Lees Rom. 10:13. Is dit voldoende om die Almagtige as *God* of *Here* aan te roep of moet ons Sy persoonlke naam gebruik? Daar staan tog duidelik dat elkeen wat **Sy Naam** aanroep sal gered word. Moet jy Hom dan nie aanroep as Yahuah (YHVH) my Meester nie? Kan jy sekerheid hê dat jy gered sal word as jy hom slegs aanroep as *Here* of *God*?

4. Onthou die eerste gebod is: *Ek is YHVH jou God.....* en **nie**: *jy mag geen ander gode*.....nie! Is die Naam belangrik om as geregverdigde van YHVH gereken te word en te lewe? Hoekom? In die verband skryf Johann Möller soos volg: *In fact, Scripture teaches that the initial coming into a relationship with the Almighty is dependent upon literally calling upon His Name. (Joel 2:32, Acts 2:21 & Rom.10:13). How can anyone call upon His Name if he/she does not believe in it, and how can anyone believe in it if they don't know it?*

5. Ontheilig ons nie Yeshua se Naam deur Hom 'n ander naam as Sy YHVH gegewe Naam te gee nie?

Levitikus 23: Die Feestye Van YHVH

Volgens Gen. 1:14 en Lev. 23:1 tot 4 is dit duidelik dat YHVH 'n kalender van vaste tye het. Hierdie vaste tye is nie net die siklus van dae, weke, maande en jare nie, maar ook van bepaalde afsprake en byeenkomste wat deur YHVH self vasgestel en ingestel is. Vader-God, het dus 'n kalender waarin Hy sekere afsprake met Sy volk (kinders) gedagboek het. Hierdie jaarlikse afsprake is ewigdurend en elkeen het 'n uitnodiging om dit te aanvaar of te verwerp.

YHVH se kalender werk hoofsaaklik volgens die maankalender en daarom is Vader-God se afsprake met sy volk volgens die siklus van die maan.

Hierdie afsprake en byeenkomste op YHVH se kalender is afgesonderde (heilige; *kadosh*) samekomste (Lev. 23:2). Die korrekte betekenis van *feestye* en *heilige vierdae (samekomste)* is soos volg:

- ***Die feestye*** (*mo'edim*) se korrekte betekenis is die *Bestemde* (*Vasgestelde of Aangewese*) *Tye van YHVH (Appointed times of YHVH)* en kan ook uit Gen. 1:14 afgelei word. Dit is nie godsdienstige feeste soos wat in die heidendom gesien word nie. Nee, dit is 'n YHVH-gerigte afspraak met die Skepper. Die bedoeling is nie om YHVH tevrede te stel nie (*to pacify*), maar 'n ontmoeting waar YHVH sekere heilswaarhede opnuut aan Sy volk wil bevestig.

- ***Heilige vierdae (samekomste)*** (*miqra'ot*) is afgesonderde (*set-apart*) feesdae wat vergelyk kan word met 'n kleedrepitisie waar YHVH se reddende genade van die verlede, die hede en die toekoms telkens (jaarliks) ingeoefen word. Vir die doel word sekere dae deur YHVH opsy gesit en afgesonder (geheilig). Die gelowige is dus nie 'n toeskouer by 'n byeenkoms waar hy vermaak moet word nie, maar elkeen is 'n "akteur" in YHVH se "passiespele" wat besig is om in YHVH Yeshua se teenwoordigheid plaas te vind. Ons sien onsself as medewerkers (rolspelers, akteurs) in die "draaiboek" van dit wat YHVH reeds gedoen het, besig is om te doen en nog sal doen.

Hoewel die term *feestye* gebruik word, is dit egter belangrik om te onthou dat dit Vasgestelde- of Aangewese Tye (*mo'edim*) en afgesonderde vierdae (*miqra'ot*) is wat YHVH ons beveel om te gedenk (*zakar*), naamlik te onthou deur gepaste handeling. Hierdie is die *mo'edim* en *miqra'ot* van YHVH en nie van Israel nie. Dit is ewige jaarlikse afsprake wat YHVH met Sy volk (kinders) het.

Die oorhoofse doel van YHVH se *mo'edim* en *miqra'ot* is om verhoudinge te bou met YHVH ons Vader en met ons medemens, asook om ons te leer en te herinner aan geskiedkundige en toekomstige profetiese gebeure (Jes. 46:9 en 10) en ons gereed te hou en op die uitkyk daarvoor te wees. Dit is 'n danksegging vir wat YHVH reeds in Yeshua gedoen het, besig is om te doen en nog sal doen!

Volgens Lev. 23:1 tot 44 bestaan YHVH se Vasgestelde Tye (afsprake) uit:

- Die Shabbat (Lev. 23:3). Die weeklikse afspraak van die Vader met Sy volk.

- Die sewe jaarlikse afsprake van Vader-God met Sy volk (Lev. 23:4 tot 35).

- Die Agste Dag – die nuwe begin; die Millennium (Lev. 23:36).

Die doel van die feestye.

Die shabbat, die sewe feeste (Bestemde- of Aangewese Tye) en die Agste Dag is `n profetiese afbeelding van die Vader se plan van sondevergifnis, versoening met Hom en van herstel van Sy skepping. Hierdie feestye is afsprake (heilige vierdae) met die Vader en elkeen is `n heenwysing na Yeshua Messias en hoe daardie gedeelte van YHVH se plan in Messias vervul is, vervul word en nog vervul sal word. Die sewe feeste gee vir ons `n terugblik van wat reeds gebeur het, insae in wat tans gebeur en `n toekomsblik van wat gaan gebeur. Dit is ook `n afbeelding van hoe elkeen wat deur geloof in Yeshua as Messias regeverdig verklaar is, moet lewe.

Feesseisoene:

Die bestemde feestye van YHVH, soos ondermeer in Levitikus 23 uiteengesit word, word in drie feesseisoene verdeel, naamlik:

- Eerste feesseisoen bekend as Pesag wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik: Pesag (Paasfees), Fees van Ongesuurde Brood en die Fees van die Eerstelingsgerf (Eerstelinge).

- Tweede feesseisoen bekend as *Shavuot* (Pinksterfees; Fees van Weke).

- Derde feesseisoen bekend as *Sukkot* (Loofhuttefees) wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik die Fees van Trompette (fees van Basuin; *Yom Teruah;* en volgens Judaïsme ook *Rosh Hashanah* – die begin van die nuwe jaar), Die Dag van Versoening (*Yom Kippur)*

en die Fees van Tabernakels (Sukkot; *Chag Sukkot*). Op YHVH se jaarlikse afspraakkalender is daar egter nog ‘n bestemde tyd wat die Agste Dag (*Sh’mini Atzeret*) genoem word en wat deel vorm van die seisoen van *Sukkot*.

YHVH het dus jaarliks agt formele afsprake met Sy volk – ontmoetings waar Hy die inisiatief neem en ‘n uitnodiging aan elkeen van Sy kinders rig. Daar word egter deurgaans verwys na die sewe Vasgestelde Tye (Feestye) waar die getal 7 op die voltooiing en volmaaktheid van YHVH se plan dui en dan die Agste Dag wat ‘n nuwe begin aankondig.

Yeshua in die Feestye:

Die eerste vier Vasgestelde Tye, naamlik Paasfees, Fees van Ongesuurde Brode, Fees van die Eerstelingsgerf en Pinksterfees is reeds in Yeshua Messias met Sy eerste koms na die aarde vervul:

- Yeshua is die Paaslam wat vir ons geslag is om ons te bevry van die slawejuk van sonde (Pesag).

- Yeshua is die Ongesuurde Brood; die Een sonder sonde en wat die Brood van die Lewe (die Manna uit die Hemel) is wat in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam voorsien (Fees van Ongesuurde Brood)

- Yeshua is YHVH se eerstelingsgerf; die Eerste om uit die dood op te staan en die Eerste van YHVH se oes wat deur die genade in Yeshua ingesamel word (Fees van Eerstelinge)

- Yeshua het opgevaar na die hemel sodat ons die Afgesonderde (Heilige) Gees kon ontvang om hier op aarde as geregverdigdes in krag en gehoorsaamheid volgens YHVH se onderrig en instruksies (Torah) wat op ons hart geskryf is, te leef (Pinkster, *Shavuot*).

- Die laaste drie Vasgestelde Tye, naamlik die Fees van Trompette, die Dag van Versoening en die Fees van Tabernakels is almal `n heenwysing na Yeshua se wederkoms as die Koning van konings en as die Leeu van Juda – die Een wat YHVH se parskuip sal trap (Open. 19:15) en wat sal kom om hier op aarde vir ewig te regeer as Koning en Hoëpriester.

- Die fees van die Agste Dag (*Shemini Atzeret*) kondig ‘n nuwe begin aan nadat YHVH Sy plan van versoening en herstel, voltooi het.

  Daarom is hierdie laaste seisoen van afsprake met YHVH van so groot belang en moet ons die betekenis daarvan verstaan. Dit is ‘n heenwysing en afbeelding van eindtydgebeure en van die wederkoms van ons Messias. Dit is ‘n kleedrepitisie vir die afspraak wat YHVH die Almagtige nie net met Sy volk het nie, maar ook met die mensdom.

Die feit dat die eerste vier bestemde tye presies volgens profesie op die aangewese datums (tyd) vervul is, is bevestiging en bewys dat die vier oorblywende afsprake ook presies volgens profesie vervul sal word. Hierdie feit is bevestiging dat ons met erns en toewyding hierdie afsprake op YHVH se kalender moet gedenk. Dit moet vir ons as gelowiges ‘n blye verwagting en ‘n salige hoop op die wederkoms van ons Messias wees.

Onthou: Die Vasgestelde Tye, net soos die tabernakel, priesterorde en offerandes, is `n heenwysing na Yeshua Messias (Joh. 5:39 en 40) en derhalwe ‘n heenwysing (sinnebeeld) van YHVH se totale verlossingsplan. Deur die feestye te gedenk sien ons die skaduwee van Messias – ‘n skaduwee wat deur Sy liggaam gevorm word vanweë YHVH se Lig wat op Yeshua skyn.

> *Such (things) are only the shadow of things that are to come, and they have only symbolic value. But the reality – the substance, the solid fact of what is foreshadowed, the body of it – belongs to Messiah.* Kol. 2:17 (Amplified Bible)

Deur ons afsprake met Vader-God op Sy Vasgestelde Tye jaarliks te gedenk, word ons herinner aan YHVH se totale plan van herstel en word ons deel van hierdie werklikheid soos wat dit plaasgevind het en besig is om plaas te vind. Dit is ‘n herinnering van wat reeds gebeur het, van wat besig is om te gebeur en van wat nog sal gebeur. Hierdie jaarlikse afsprake is ewige instellings en is deel van YHVH se Torah – Sy liefdevolle onderrig en instruksies.

Almal wat die reddende genade van YHVH in geloof in Yeshua Messias ontvang het, en met ‘n afhanklike vywilligheid hulself aan YHVH onderwerp, sal volgens ‘n kalender leef wat hulle sal onderskei (afsonder, *set-apart*) van die res van die wêreld. Hierdie is YHVH se kalender en verskil in vele opsigte van ons Gregoriese kalender. Ons roeping is om as koninklike priesterdom en afgesonderde volk *te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is* (1 Pet. 2:9 en 10).

Deurdat ons YHVH se afsprake met ons eerbiedig, lewer ons getuienis dat ons Sy volk is en dat ons Sy onderrig en instruksies (Torah; wet) omhels om in Sy wonderbare lig te wandel en Sy uitnemendheid te verkondig. Dit is ‘n bevestiging van die begeerte om die dinge van die wêreld agter te laat en terug te keer na die *goeie weg* van YHVH (Jer. 6:16).

Bepeins of Bespreek

1. Ons is die bruid van Yeshua en hierdie verhouding kan met die tradisionele Joodse huwelik vergelyk word. Volgens Joodse gebruik keer die bruidegom na die verlowing eers terug na sy vader se huis om ‘n bruidskamer vir sy bruid te bou. Eers na voltooiing en goedkeuring deur die vader, sal die bruidegom sy bruid in die nag gaan haal. Hy kondig sy koms ook deur basuingeklank aan. Maar van die presiese dag en die uur weet sy bruid nie, maar sy moet te alle tye haar gereed hou met ‘n oilelamp wat in haar venster brand as teken van haar gereedheid.

    1.1. Yeshua het ook gegaan om vir ons, Sy bruid, ‘n plek voor te berei (Joh. 14:2). Hy sal ons ook kom haal, maar van die presiese dag en uur weet niemand nie (Matt. 24:36). Die bruid moet haar egter te alle tye gereed hou vir die koms van die Bruidegom. Die Bruidegom sal Sy aankoms met die blaas van ‘n ramshoring (shofar) aankondig (1 Kor. 15:51). Dit is die teken vir die bruid dat die uur van haar huwelik aangebreek het. Hy kom haal Sy bruid soos ‘n dief in die nag (1 Thess. 5:2; 2 Pet. 3:10).

    1.2. Die vraag is nou:

    - Verwag die Bruidegom (Yeshua) van Sy bruid om ‘n tydperk van verdrukking en vervolging deur te gaan alvorens Hy haar gaan kom haal? Indien sy haar voorberei het en ‘n rein en vlekkelose bruid is, sal Hy haar dan nie kom haal voor die Groot Verdrukking nie?

    - Ons moet egter ook besef dat die getrouheid van die bruid getoets gaan word deur beproewinge. Tot watter mate sal die Bruidegom toelaat dat Sy bruid se getrouheid beproef word? Moet ons nie almal deur YHVH se vuur ook gelouter word nie?

    Daar is ‘n groot mate van eenstemmigheid dat die Fees van Trompette ‘n heenwysing na die wederkoms en, volgens sommige, die wegraping is. Die vraag is egter wanneer gaan dit plaasvind? Hieroor bestaan daar meningsverskille, maar ons moet nie toelaat dat hierdie verskille die oorsaak van skeuring is nie. Laat ons met liefde, verdraagsaamheid en ‘n leerbare gees die waarheid bly soek.

2. Hoewel dit waar is dat die eerste vier Bestemde Tye van YHVH in Yeshua vervul is, is dit nogtans ‘n heenwysing na toekomstige gebeure. Daar sal ‘n dag kom wat daar weer ‘n groot uittog uit hierdie wêreld sal plaasvind (Pesag). Sal hierdie uittog voorafgegaan word deur ‘n terugkeer na die Beloofde land, Israel? So sal daar ook ‘n tyd wees waar ons sonder sonde of

gebrek saam met Vader-God sal lewe (Fees van Ongesuurde Brood). Ook sal daar ‘n dag wees waar ons ‘n verheerlikte liggaam sal ontvang (Fees van Eerstelinge). Dan sal daar ook ‘n dag wees waar albei huise as ‘n verenigde Israel volgens YHVH se Geesgeskrewe Torah in volmaaktheid sal lewe (*Shavuot*).

Levitikus 24:1 tot 9. Onderrig Aangaande Die Olie Vir Die Menora En Die Toonbrode.

Die Olyfolie

Die olyfolie vir die menora (goue kandelaar) is ‘n sinnebeeld van die Afgesonderde (Heilige) Gees. In Lev. 24:1 tot 4 lees ons dat slegs suiwer uitgestampte olyfolie vir die menora gebruik mag word. Moses het ook opdrag gekry dat die lampe van die kandelaar voortdurend moet brand.

Die suiwer olyfolie spreek van die *suiwerheid* van die Afgesonderde Gees (*Ruach HaKodesh*). Hierdie is die Gees van YHVH en is die Gees van Waarheid wat elkeen sal leer en lei (Joh. 14:26; Joh. 16:13). Elke gelowige moet slegs deur die Afgesonderde Gees van YHVH geleer en gelei word. Niemand kan bekostig om deur ‘n ander gees gelei of besoedel te word nie.

Die olyfolie opsigself is nie lig nie, maar is die bron van lig. Alleenlik wanneer die olyfolie brand, gee dit lig en moet daarom eers deur vuur aan die brand gesteek word. In die tabernakel was dit die taak van die hoëpriester. Wat laat die Afgesonderde Gees in ons lewens ontvlam? Wanneer Yeshua, ons Hoëpriester, deur die lewendmakende Gees en Woord van YHVH aan die mens openbaar word, en die mens dit glo, word elkeen se lig aangesteek. Die Afgesonderde Gees is die bron wat die vlam voed om helder te brand sodat Yeshua duidelik gesien kan word. Dit is die Afgesonderde Gees wat van Yeshua getuig en Hom verheerlik. Hy neem alles wat aan Vader-God behoort en verkondig dit aan ons (Joh. 16:12 tot 15).

Slegs in Yeshua kan die Afgesonderde Gees in die gelowige se lewe werk en manifisteer. Wanneer ons Yeshua Messias deur Torah-gehoorsaamheid verheerlik, sal ons lig al toenemend helderder skyn om alle duisternis te verdryf. Op dié wyse sal ons lig so voor die mense skyn, dat hulle ons goeie werke sal sien en ons hemelse Vader verheerlik sal word (Matt. 5:16). Daarom moedig Paulus ons aan om met die Afgesonderde Gees gevul te word (Ef. 5:18) sodat daar genoegsame olie is om Yeshua te verheerlik en Sy werk hier op aarde deur elkeen se lewe voort te sit.

Net soos die olie van die goue kandelaar voortdurend aangevul moes word, so moet ons ook voortdurend `n nuwe aanvulling van die Afgesonderde Gees ontvang. Vulling met die Gees is derhalwe`n voortdurende proses. ‘n Menora sonder olie kan geen lig gee nie en is nutteloos, behalwe as versiering. Dieselfde geld in elke gelowige se lewe, naamlik sonder die Afgesonderde Gees en sonder Torah-gehoorsaamheid is ons ook nutteloos.

Die Afgesonderde Gees is die een wat die mens verander om `n ware volgeling van Yeshua te wees. Dit is wat die verskil in die lewe van die dissipels voor en na vulling met die Afgesonderde Gees gemaak het. Vulling met die Afgesonderde Gees bring vreesloosheid vir mense en onbeskaamdheid vir Yeshua, al is die prys hoe hoog. Die Afgesonderde Gees is die bron van krag wat saamwerk om Yeshua as die Lig van hierdie wêreld te verheerlik.

Die Versorging Van Die Lampe

Dit was die hoëpriester wat daagliks moes sorg dat die menora brand en dat daar voldoende olie was. Ons Ewige Hoëpriester versorg ook elke lamp deur die ewige Woord van YHVH, die Torah, wat ons brandend hou.

Yeshua is Ewige Hoëpriester en die ware wynstok. Elke loot wat nie vrug dra nie word weggeneem, maar daardie loot wat vrug dra maak Hy skoon sodat dit meer vrug kan dra (Joh. 15:1 en 2). Die vrug wat ons dra is die lig wat in hierdie donker wêreld skyn.

Ons ontberings, vervolging en lyding is dikwels die wyse waarop ons lamp versorg word sodat die Lig van ons Verlosser in en deur ons helderder kan skyn omrede ons meer en meer die heerlikheid van ons Messias deelagtig word. Verwys Rom. 8:18; 2 Kor. 4:17; 1 Pet. 4:12 en 13; 1 Pet. 5:10. Op ons pad na die beloofde land sal ons beproewinge in verskillende vorme teenkom (siekte, hartseer, versoekinge, bindinge, verslawing, ens.) wat oorwin moet word. Elke oorwinning sal `n verheerliking van Yeshua wees en sal ons deel maak van Sy Heerlikheid. Oorwinning oor hierdie dinge bevorder geloof en vertroue in die beloftes van YHVH. Dit gee meer vrymoedigheid en selfvertroue om `n volgeling en navolger van Yeshua te wees. Dit sal ons lig soveel helderder laat skyn.

Elkeen Moet `n Lig Wees Wat Yeshua Verlig.

As lig in die wêreld moet ons Yeshua verlig en nie onsself nie. Die fokus moet weg van die eie-ek wees. Yeshua is die lig van die wêreld en Sy lig brand in ons sodat ons die lig in die wêreld kan wees. Ons taak is om Yeshua te verhoog en te verheerlik sodat die wêreld Hom kan sien (Joh. 12:32). Ons verheerlik Yeshua deur sy bediening hier op aarde voort te sit onder die leiding van die Afgesonderde Gees. Ons is as uitgeroepenes aangestel om Yeshua se lig in ons, en deur ons, te laat skyn. Elkeen is soos die maan wat slegs die son se lig reflekteer en op die wyse skyn.

Bepeins of Bespreek

1. Is jou lamp gevul met suiwer uitgestampte olyfolie of bevat die olie van jou lamp onsuiwerhede? Maak jy gebruik van ‘n versnyding van verskillende olies (geeste). Skyn jou lig helder of is dit slegs `n flikkerende vlammetjie? Kan jy ook soos die profeet Sagaria uitroep en sê: *Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees, sê YHVH van die leërskare* (Sag. 4:6)? Getuig jou lewe hiervan?

2. Ons is so geneig om te dink dat ons die lig van die wêreld is bloot op grond van ons wedergeboorte. Wedergeboorte alleen maak nie van ons die lig van die wêreld nie, maar alleenlik wanneer ons nougeset in die Lig van Torah wandel kan ons die lig van YHVH wees. Indien ek nie sy gebooie bewaar nie, is ek ‘n leuenaar (1 Joh. 2:4). Hoe maklik is dit om jouself te mislei deur te dink dat jy gehoorsaam is? Die mate van gehoorsaamheid bepaal die *helderheid* van die lig waarmee ons skyn.

Lev. 24:5 tot 9 (Ex. 25:30). Yeshua Die Brood Van Die Lewe:

Die toonbrode (Ex. 35:13; Ex. 39:36) moes voortdurend voor die aangesig van YHVH wees. Die woord *toonbrode* bestaan uit twee Hebreeuse woorde, naamlik: *lechem* en *paneh* (*paniym*). *Lechem* beteken *brood of koring*, en verwys ook na voedsel in die algemeen. *Paneh* beteken *gesig(te), teenwoordigheid en persoon.*

Die letterlike betekenis van die woord *toonbrode* is *die brood van teenwoordigheid* of *die brood van die gesig* (*aansien, aanskyn – bread of many faces*). Die toonbrode verwys dus na ‘n persoon en hierdie persoon moes voortdurend voor die aangesig van YHVH wees. Daarom word *toonbrode* in sommige Engelse vertalings as *the Bread of the Presence* vertaal (Young’s Literal Translation,1989; Literal Translation of the Holy Bible).

Die toonbrode verwys na Yeshua Messias, die Brood van die Lewe (Joh. 6:35 en 48) en die vleesgeworde Woord (Joh. 1:1 en 14) wat voortdurend voor die aangesig van YHVH is. Die priesters kon hiervan eet, want dit was hoogheilig (*kadosh-kadosh*) (Lev. 24:9). YHVH se Torah is *kadosh-kadosh* en die wat daarvan eet sal die geestelike heilsaamheid daarvan ervaar. Soos voedsel sal dit ‘n innerlike verandering te weeg bring wat uiterlike sigbaar is. *You are what you eat* geld ook vir die Lewende Brood van Torah!!

Die brood was van shabbat tot shabbat voor die aangesig van YHVH – ‘n sinnebeeld dat YHVH voortdurend in alle behoeftes sal voorsien.

In die lig van die menora is die brood op shabbat geëet. Dit is ‘n sinnebeeld van die Lig van die Afgesonderde Gees wat die lewende Brood, Yeshua Messias, naamlik die Woord, verlig. Die wierook wat saam met die brood gebrand was (Lev. 24:6), was ‘n gedenkoffer aan YHVH – ‘n lieflike geur (Lev. 2:2). Ons Torah-gehoorsaamheid is soos wierook wat ‘n lieflike geur afgee.

Yeshua is die Lewende Brood wat uit die hemel neergedaal het. Elkeen word genooi om van hierdie *brood* te eet en vir ewig te lewe (Joh. 6:51). Yeshua is die hoog afgesonderde (*kadosh-kadosh*) offer en die lieflike geur. Hy het ons lief en het Homself vir ons gegee as ‘n gawe en offer aan YHVH tot ‘n lieflike geur (Ef.5:2). As gereinigde priesters kom ons saam om te eet van hierdie Lewende Brood.

Die tafel van die toonbrode was dus simbolies van Yeshua, die Brood van die Lewe, maar ook simbolies van die afgesonderde omgang (gemeenskap, kameraadskap, broederskap) met God die Vader. Ons Hemelse Vader het vir ons `n *tafel* voorberei (Ps. 23:5). Hy sit aan die hoof van daardie tafel. Hy het die geestelike voedsel voorsien (Hy plaas die *voedsel* op die tafel). Hierdie voedsel versadig en voed die gees en siel van die mens, want hierdie voedsel is die Brood van die Lewe en is Yeshua Messias (Joh. 6:32, 33 en 48). Wie van hierdie brood eet, sal nooit weer honger word nie (Joh. 6:35). In hierdie Brood van die Lewe het Vader-God `n welbehae (Matt. 3:17).

As huisgenote (kinders) van ons Vader, en huisgenote van die geloof (Ef. 2:19; Gal. 6:10), sit ons saam met ons Vader aan Sy tafel wat Hy vir ons voorberei het (Ps. 23:5). Ons eet van die geestelike voedsel, naamlik die versoeningswerk van Vader-God deur Sy Seun, ons Verlosser en Messias. Vader-God hou afgesonderde gemeenskap met sy huisgenote (priesters) op grond van die verlossingswerk van Sy geliefde Seun. Saam geniet ons `n feesmaal van die volmaakte werk van Yeshua Messias. As huisgenote word ons genooi om aan te sit aan die Vader se tafel sodat ons afgesonderde gemeenskap met Hom as die Hoof van die Huis en met en met mekaar kan hê (1 Joh. 1:3).

Saam eet ons van die Brood van die Lewe – die Lewende Torah. Dit is een Brood, en soos ons van dieselfde Brood eet, word dit deel van ons elkeen se lewe. Daarom is ons een in Yeshua, hoewel nie eenders nie, en moet ons saam opgroei tot geestelike volwassenheid in Hom – tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van Yeshua en dus van die Torah. Dan sal ons soos ‘n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Yeshua (Ef. 4:13 tot 15). Elkeen moet by YHVH se tafel aansit as priester wat deur die kosbare bloed van Yeshua en deur die waterbad van die Woord gereinig is.

Bepeins of Bespreek

1. Volgens Joodse gebruik word die etenstafel gesien as ‘n altaar. Die tafel van die toonbrode is ook simbolies van YHVH se *altaar* waarop Yeshua geoffer was. Hierdie tafel was gemaak van aksiahout wat met suiwer goud oorgetrek was. Die hout is ‘n afbeelding van Yeshua as mens en die goud ‘n afbeelding van Sy Goddelikheid en Koningskap.

2. Die twaalf brode is ook simbolies van die twaalf stamme van Israel. Nie alleen is Yeshua voortdurend voor die aangesig van YHVH nie, maar so ook sy volk, die koninklike priesterdom, die hele Israel. Yeshua is ons Verteenwoordiger voor die Vader!

Lev. 24:22 – Een Wet vir Almal

Net een wet moet daar vir julle wees die vreemdeling moet soos die kind van die land wees; want Ek is YHVH julle God. Lev. 24:22

YHVH se Torah is van toepassing op die Israeliet en op die vreemdeling (Hebreeus: *ger*). Hierdie opdrag kom ook elders in die Torah voor, naamlik in Exod 12:49; Num 15:16 en 29. Hierdie is ‘n weerlegging van die beskouing dat die wet (Torah) net vir die Jode is en genade vir die Christendom

wat nie meer die wet hoef te onderhou nie, behalwe wette met betrekking tot moraliteit en om die kerksisteem te befonds (die gee van tiendes).

Ons moet onthou dat slegs Een die Wetgewer is (Jak. 4:12) en Hy is die Oppergesag wie se wette (Torah) vir alle mense geld. YHVH is ook nie 'n aannemer van die persoon nie (Hand. 10:34) en Hy verander ook nie Sy standaard van geregtigheid nie (Mal. 3:6). Torah was die standaard onder die ou verbond en Torah is steeds die standaard onder die hernieude verbond.

Bepeins of Bespreek

1. Die burgers van 'n land en die toeriste in 'n land wat gehoorsaam is aan die wette van die land is geregtig op die beskerming deur die wetgewers van die land. 'n Burger of toeris wat die landswette nie gehoorsaam nie, sal met die mag van die wetgewer te doen kry. Geld dieselfde beginsel dan nie ten opsigte van YHVH as die Opperwetgwer nie?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Eseg. 44:15 tot 31 – Die Kinders Van Sadok

Volgens Judaïsme is hierdie week se Haftorah (Eseg. 44:15 tot 31) 'n heenwysing na die priesters in die toekomstige Messiaanse tydperk. Dit verwys na die kinders van Sadok wat getrou gebly het aan Torah toe Israel afgedwaal het.

Nogtans sal Ek hulle aanstel om verantwoordelikheid te neem oor die huis, vir al sy bediening en vir alles wat daarin gedoen moet word, maar die Levitiese priesters, die seuns van Tzadok, wat My Afgesonderde Plek versorg het toe die seuns van Yisra'el van My af weggedwaal het, moet na My toe naderkom om My te bedien en hulle sal voor My staan om aan My die vet en die bloed te offer," verklaar יהוה*-God.* Eseg. 44:14 en 15 – PWL

Wanneer Judaïsme verwys na die tydperk van Messias (die Messiaanse Tydperk) dan stem dit ooreen met wat ons die Millennium (Duisendjaar Vredesryk) noem waar Yeshua as Koning en Hoëpriester sal regeer. Maar is dit nie so dat ons wat weet en glo dat Yeshua Messias gekom het om vir ons sondes te sterf, reeds as te ware in die dispensasie van Messias leef in afwagting vir Sy wederkoms en die Millennium nie? Die vraag is dus: Is ons nie die kinders van Sadok wat getrou aan Torah bly te midde van die Torahloosheid van diegene wat bely dat Yeshua die Messias is nie?

Matthew Henry in *Commentary on the whole Bible* skryf die volgende:

> *Those who have been faithful are honoured and established. These are remarkably distinguished from the other: "But the sons of Zadok, who kept their integrity in a time of general apostasy, who went not astray when others did, they shall come near to me, shall come near to my table." Note, God will put marks of honour upon those who give proofs of their fidelity and constancy to him in shaking trying times, and will employ those in his service who have kept close to his service when others deserted it and drew back. And it ought to be reckoned a true and great reward of stability in duty to be established in it. If we keep close to God, God will keep us close to him.*

Wie is die priesters wat getrou gebly het en *wat My Afgesonderde Plek versorg het toe die seuns van Yisra'el van My af weggedwaal het?* Die antwoord vind ons in Eseg. 44:23 en 24

Meer nog, hulle moet vir My volk die onderskeid leer tussen wat afgesonderd is en wat onrein is en hulle laat onderskei tussen wat onrein en wat afgesonderd is. In 'n twis moet hulle opstaan om te oordeel, volgens My voorskrifte moet hulle dit oordeel. Hulle moet ook My wette en My instellings hou op al My aangestelde feeste en My Shabbatte afsonder (PWL)

Die kinders van Sadok tydens die dispensasie van die hernieude verbond is dus die wat bely dat Yeshua die Messias is, maar is ook die priesters:

- Wat Torah-gehoorsaam is.
- Wat bereid is om diegene wat bely dat hulle vertrou in Yeshua as die Messias te leer om te onderskei tussen wat afgesonder en nie afgesonder is nie, asook om hulle leer om te onderskei wat rein en onrein is.
- Wat bereid is om op te staan en te oordeel (besluite te neem en beslissings te maak) volgens YHVH se voorskrifte (Torah).
- Wat YHVH se Torah en instellings, insluitend sy Bestemde Tye en Shabbatte, sal onderhou.

Bepeins of Bespreek

1. Die boodskap van die ware priesters van YHVH is nie ‘n sagte evangelie nie. Verwys Heb. 4:12 en 13 – Torah is ‘n tweesnydende swaard. Verwys Matt. 10:34 – *Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.*

2. *When there’s something in the Bible that churches don’t like, they call it "legalism”* – Leonard Ravenhill.

3. *If Yeshua had preached the same diluted message as many churches do today, there's a good chance that he never would have been crucified* – Leonard Ravenhill

4. *The reason why the Ten Commandments are short and clear is that they were handed down direct, not through several committees* – Dan Bennett.

5. *We can easily forgive a child who is afraid of the dark; the real tragedy is when men are afraid of the light* – Plato.

6. Hoekom kan ons nie Yeshua en YHVH se Torah skei nie? Want Yeshua is in Torah (Joh. 5:46) en Hy is Torah (Joh. 1:1).

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.